


Brandbeskerming van strukture

Mei 2010



Brandbeskerming van pypwerkkomponente, spesifiek langboutflense, is in die April 2010 Beacon bespreek. Brandbeskerming kan ook gebruik word om belangrike strukture teen brand te beskerm. Brandbestande insulasiemateriaal bedek dan die oppervlak van die struktuur en vertraag die verhitting van die staal deur 'n brand. Dit verbeter die vermoë van die struktuur om sy sterkte te behou totdat die brand geblus word of verkoeling aangewend kan word. Sonder brandbeskerming word struktuurstaal vinnig warm, verloor sy strukturele sterkte en faal, soms binne minute. Die foto links wys pyprakkolomme en die foto regs struktuurkolomme wat gefaal het. Die faling van pype of strukture kan veroorsaak dat pype of toerusting breek, nog meer brandbare materiaal in die vuur beland, en die vuur nog groter brand.



← Voorbeelde van skade aan brandbeskerming van staalpyprakstrukture. Brandbeskerming is verwyder of het verouder en afgeval.



Wat kan jy doen?

- Kyk vir skade aan brandbeskerming van struktuurkolomme en balke wat toerusting of pype ondersteun, binne of buite geboue terwyl jy werk.
- Inspeksie van brandbeskerming van strukture moet ingesluit word in roetine aanlegveiligheidsinspeksies.
- Rapporteer skade en maak seker dit word herstel.
- As jy enige werk doen waar die brandbeskerming van strukture tydelik afgehaal moet word, moet jy seker maak dit word behoorlik teruggesit as die werk afgehandel is.
- As brandbeskerming van strukture beskadig word deur ander werk, moet jy die skade rapporteer en seker maak dit word herstel.
- Let daarop dat beskadigde brandbeskerming nie meer waterdig is nie. Die water kan die brandbeskerming verder beskadig en struktuurstaal onder die brandbeskerming korrodeer (roes). Omdat die korrosie nie sigbaar is nie kan dit baie gevaarlik wees.

Sorg vir jou brandbeskermdde strukture en hulle sal vir jou sorg!